# Ons gee God se Hoop en liefde aan

**Diensnuus**
**16 Augustus 2026**

**09:30 Nagmaal/Kategese**
**09:00 Botrivier Gemeenskapsdiens**







## 01 DAGBOEK :

16 Augustus: Wykskuier Aalwyn wyk

20 Augustus: Kospakkies

Dienssentrum ete: Krige, Bergwyk &Wyk 10

23 Augustus: Wykskuier Langhoogte

24 Augustus: Finansie vergadering

26 Augustus: Kerkraadsvergadering

## ONS BID VIR :

Pietie Groenewald

Stephanie Visser

Anna Badenhorst




## 02 LANGTERMYN ONDERSTEUNING:

Riëtte Steyn

Leonie Blom

Heleen Lombard

## 03 ALGEMENE INLIGTING:

**SAAM BID:**

*Woensdae oggende* - 07:00 Laerskool Overberg
Donderdae oggende - 05:00 Gebedskamer

Snap here to pay
SnapScan

SnapScan is beskikbaar tussen banke. Dankie

https://pos.snapscan.io/qr/PXA0221

## 04 Slaglamveiling& Melodrama:

Melodrama word saam met veeveiling aangebied op **6 Oktober**.
Kaartjies beskikbaar vanaf **24 Augustus** by kerkkantoor.

## 05 MATRIEK BOKSIES 2026:

Soos elke jaar is ons weer besig met ons **Matriekboksies-projek**, en ons vra asb julle hulp om vanjaar se boksies spesiaal te maak.

Ons benodig asb **16 van elke item**.

'n **Kontantbydrae** is ook baie wekom.

Bydraes kan voor **9 Oktober 2026** by kerkkantoor afgegee word.

Baie dankie vir julle ondersteuning.

## 06 DIENSBEURT:

***16 Augustus***
Waboomskloof

***Baie dankie***

***23 Augustus***
*Wes-Einde*

## Nagmaal vir kinders van God

Ons kan weer opnuut onthou die mooi van God se belofte aan ons deur Jesus Christus.

Die Nagmaal is ’n spesiale deel van ons geloof en kan ’n betekenisvolle ervaring vir kinders wees wat hul geloof bou en versterk. Praat gerus ook met die leraars of jou ouderling as hulle vooraf ‘n gebed of gesprek mbt die Nagmaal kan kom begelei by julle aan huis.

Die Nagmaal leer en vorm ons; kinders voel dikwels dat dit besonders is en moet met respek benader word. Hieronder is ’n indeling wat help om te bepaal wat elke ouderdomsgroep kan verstaan en hoe jy hulle kan voorberei. Sleutel lê by elke ouer om op die regte vlak te praat met hul kinders.

- **Babas:** Bou vertroue deur versorging en aanraking; hierdie vertroue lê die fondament vir geloof.
- **1–3 jaar:** Begin taalvaardighede; kan verstaan dat die Nagmaal ’n spesiale geskenk van God is en dat ons dankie sê.
- **3–5 jaar:** Nuuskierig oor die tafel, brood en beker; kan die kerk as ’n familie ervaar.
- **6–8 jaar:** Kan histories dink en simbolies begin verstaan; besef dat brood Jesus se liefde verteenwoordig en dat die gemeente saam doen wat Jesus gedoen het.

**Hoe ouers kan voorberei**

- **Diens saam bywoon:** Hou jou kind vas, fluister wat gebeur en beklemtoon hoe spesiaal dit is.
- **Praat gereeld:** Gesels oor die Nagmaal voor en ná elke viering; bevestig wat hulle weet en help hulle nuwe aspekte ontdek.
- **Gebruik eenvoudige taal:** Verduidelik dat die brood en beker ons aan Jesus se liefde en vergifnis herinner (Lukas 22:19; Matt. 26:26–28). Lees die instelling van die Nagmaal uit ’n kinderbybel
- **Verdere Bybeltekste sluit in: 1 Korintiërs 10:17** — Bespreek hoe ons saam deel en deel is van een familie.
- **1 Korintiërs 11:26** — Verduidelik dat die Nagmaal ons herinner aan Jesus se belofte en sy wederkoms.
- **Openbaring 19:6** — Praat oor die Nagmaal as ’n fees van blydskap.

**Praat gerus met jou kind oor:** Waarvoor is jy vandag dankbaar? Hoe kan ons soos ’n familie vir mekaar sorg? Wat beteken dit om deel te wees van die kerk?

Mag die Nagmaal ’n seën wees op julle gesinsgeloofsreis.

Kom ons help ons kinders om met respek, verwondering en blydskap by die tafel te sit.

*Groete Dewald*

**Preeknota's:** 16 Augustus 2026
**Teks:** 1 Petr.5:6-11 en Joh.21:15-17
**Tema:** In God se kragveld

Op 14 Junie en 26 Julie het ons na die eerste 3 werkwoorde in die teks gekyk nl. lyding,nederigheid en waaksaamheid vandag kyk ons na God se krag.

Petrus skryf vir kinders van God in 'n baie moeilike tyd. Verskillende maniere van vervolging was aan die orde van die dag en hulle leef in 'n onsekere politieke sisteem. Dink na oor wat vir jou moeilik is.

Petrus was die een wat in Matteus 4:18 as visserman geroep word deur Jesus.

Dink aan verhale van hoe Petrus by Jesus geleer het.

- Hoe leer jy vandag by Jesus?

**Ons kan 4 werkwoorde uitlig:**

1. Lyding (14 Junie hanteer)
2. Nederig wees (onderwerp jou aan God) leer by Jesus
3. Weerstaan die duiwel (gereed wees vir uitdagings) Sien die duiwel binne die kragveld van God.
4. Krag vanaf God (Nagmaalteks)

Ons kan terugdink aan die eerste 3 wekrwoorde aan die hand van die volgende gedagtes:

- Hoe ly ek soos Petrus dit uitwys? (wat offer ek op vir God)
- Hoe leef ek nederig as God se kind? (het ek by Jesus nuwe waardes geleer)
- Hoe weerstaan ek versoekings? (word ek gelyk aan die wêreld)

Die **laaste werkwoord** gee vir ons hoop op 'n nuwe manier waar ons besef **God gee my die krag**.

Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid - wonderlik om dit te bely!

- Waar beleef jy God se krag in jou lewe?

Kom ons hou vas aan die teken van die Nagmaal in lyding,nederigheid en gereedheid. Lees die gedagtes saam oor die Nagmaal in ons diensnuusartikel en maak nota's wat dit vir jou beteken.

---

## MARANATHA VOEDSELPROJEK:

Ons is gereeld op soek na **gevriesde bakkies oorskietkos** wat ons aan die Maranatha Voedselprojek kan skenk. Hierdie maaltye word aan mense versprei wat dit regtig nodig het, en daar is 'n groot behoefte.
As jy 'n ekstra maaltyd maak of oorskietkos het wat gevries kan word, bring dit gerus kerkkantoor toe.
Bakkies by deure beskikbaar.

Baie dankie

## VERJAARSDAE:

| Naam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Lumé | Cronje | 08/14 |
| Mari | Du Toit | 08/14 |
| Martin | Eksteen | 08/14 |
| Anine | Daniller | 08/15 |
| Burger | Mouton | 08/15 |
| Charlene | Niemann | 08/15 |
| Doreen | Smal | 08/15 |
| Lisa | Van Niekerk | 08/15 |
| Marinda | Johnson | 08/16 |
| Poenie | De Kock | 08/17 |
| Renaldo | Matthee | 08/17 |
| Mia | Meyer | 08/17 |
| Jan | Meyer-de Lange | 08/17 |
| Dawie | Crous | 08/18 |
| Marzel | Kershoff | 08/18 |
| Johan | Smit | 08/18 |
| Marlene | Van Der Merwe | 08/18 |
| Waldo | van Zyl | 08/18 |
| Jano | Willemse | 08/18 |
| CM | Augustyn | 08/19 |
| Cornelia | Crocker | 08/19 |
| Jesmè | Crous | 08/19 |
| Jousie | Gericke | 08/19 |
| PJ | Kok | 08/19 |
| Janika | Kriel | 08/19 |
| Jantie | Van Niekerk | 08/19 |
| Frans | Claassens | 08/20 |
| Rikus | De Wet | 08/20 |
| Susan | Van Dyk | 08/20 |
| Tanja | Van Niekerk | 08/20 |
| Chris | Coetzee | 08/21 |
| Klara | De Kock | 08/21 |
| Bertus | Smit | 08/21 |
| Gert | Augustyn | 08/22 |
| Jp | Etsebeth | 08/22 |
| Anli | Fourie | 08/22 |
| Frances | Jooste | 08/22 |
| Hammie | Neethling | 08/22 |
| Hume | Schönfeldt | 08/22 |
| Bernalee | Noeth | 08/23 |
| Koos | Smith | 08/23 |

## Tydlyn kwartaal 3:

